TOERISME NOVEMBER 2009

ALGEMENE KOMMENTAAR

1. Onderwysers word aangeraai om hierdie verslag saam met die vraestel te bestudeer.

2. Kandidate wat goed in die vraestel gevaar het, het 'n gesonde kennis en duidelik begrip van die vak en sy vakterminologie getoon.

3. Die onvermoë van kandidate om basiese feitekennis met sukses toe te pas, bly 'n leemte. Kandidate moet onderrig word om hulle antwoorde binne die konteks van die vraag te formuleer en alle inligting tot hulle beskikking in die vraestel (gevallestudies, prente, ens.) te gebruik. Kandidate wat swak gevaar het, het met hierdie aspek gesukkel, ook omdat hulle groot probleme met die lees van gegewe inligting in die vraestel ervaar het. Daar word aanbeveel dat kandidate die

   - vrae noukeuriger moet lees,
   - kernwoorde van die vraag moet onderstreep, en
   - die inligting in die gegewe venster of gevallestudie moet lees en die kernfeite onderstreep.

4. Kandidate moet let op die puntetoekenning vir elke vraag. Hulle is geneig om lang uitgerekte antwoorde vir twee punte te gee. Let daarop dat slegs die eerste verwagte of vereiste getal feite nagesien word.

5. Kandidate verbeur onnodig punte a.g.v. die foutiewe nommering van hulle antwoorde en veral by vrae met onderafdelings.

6. Kandidate het gesukkel om te voldoen aan die instruksie om die volgende te doen:

6.1 *Aan te haal (Haal aan)-* om die presiese woord(e) uit 'n teks/inligting neer te skryf

6.2 *Identifiseer- o*m die spesifieke "iets" wat vereis word vas te stel, te bepaal, te noem, aan te dui, uit te wys. (In baie gevalle sou 'n een-woord-antwoord voldoende gewees het.)

6.3 *Verduidelik-* om meer inligting te gee ten einde iets te verduidelik. (Wanneer 'n verduideliking gegee word, behoort kandidate hulself af te vra of hulle verduideliking duidelik genoeg sal wees vir 'n persoon wat niks oor die bepaalde onderwerp weet nie.)

6.4 *Bespreek-* om oor die onderwerp te skryf deur meer as een opinie te gee. (Hulle moet iets *ondersoek deur verskillende argumente te gebruik*. 'n Bespreking impliseer gewoonlik 'n uitruil van idees tussen twee of meer persone. 'n Besprekingsvraag sal altyd in paragraaf- of opsteltipe-formaat geskryf word.)

6.5 *Voorspel-* sê wat hulle dink *(in die toekoms)* gaan gebeur

6.6 Bereken- om iets deur middel van wiskunde te bepaal. (Kandidate werk nie altyd uit nie en wys nie altyd hulle berekenings nie.)

6.7 *Onderskei tussen-* om die verskil(le) tussen twee of meer aspekte uit te wys
Voorbeelde:
(i) Nismark vs Marksegmentasie soos in 7.1
(ii) *Algemene reisprogram vs Persoonlike reisprogram soos in 6.2.3*

7 Onderwysers word aangeraai om al die beskikbare handleidings (-boeke) as hulpbronne te gebruik. Hulle moet nie vergeet van die *Vakraamwerk* nie – dit verskaf die aard en omvang van die inhoud wat gedek moet word. Die *Eksamenriglyndokumen*t bly 'n belangrike dokument.

VRAAG KOMMENTAAR

Vraag 1

- Die gemiddelde punt vir hierdie vraag was 25 punte.
- Vrae 1.2 en 1.5 is goed beantwoord en die meeste kandidate het hoë punte behaal.
- Kandidate laat egter vrae oop waar hulle die opsie het om ‘n keuse uit die gegewe antwoorde te maak.
- Onnodige en tydrowende praktyke:
  - Kandidate gee twee antwoorde waar slegs een vereis word.
  - Kandidate skryf antwoorde uit waar slegs 'n letter of 'n simbol vereis word.
- Onderwysers moet klem lê op *Marksegmentasie* (1.1) en die ander terminologie wat in die vraestel gebruik word.
- Vraag 1.2, 1.3 en 1.4 is baie swak beantwoord. Onderwysers behoort ‘n lys van logo’s en afkortings saam te stel om kandidate in hierdie verband te help.

Vraag 2

- Kandidate is in 2.1.1 en 2.1.2 gevra om hulle antwoorde uit die gegewe leesstuk ‘*aan te haal’ (om te identifiseer en neer te skryf*). Baie kandidate het hulle eie antwoorde verskaf.
- Kandidate het gesukkel om betekenisvolle antwoorde op 2.1.2, 2.1.3, 2.1.4 en 2.1.5 te gee.
- Kandidate se taalvermoë het hulle prestasie in 2.2 en 2.3 erg gekortwiek. Dis is vererger deur die gebruik van onbekende terminolgie en/of woorde uit die eksamenvraestel.

Vraag 3

- Hierdie vraag is redelik goed beantwoord.
- Kandidate het die *Gedragskode* met die *Basiese Diensvoorwaardes* verwar. Onderwysers moet die belangrikheid van hierdie twee dokumente beklemtoon en ook voorbeelde *(uit die industrie)* gebruik om die verskille aan te toon. Hulle moet ook beklemtoon dat ‘n Gedragskode na meer as net die kleredrag van personeel verwys.

Vraag 4

- Die meeste kandidate het hierdie vraag baie swak beantwoord.
- Kandidate het ‘n gebrekkige kennis van die volgende getoon:
- *driedubbele slotreël* (*triple bottom line) (*definisie, beginsels en benadering)
- *regverdige handel (Fair Trade) (*definisie en benadering)
- *kööperatiewe advertering*
- *bemarkingsmengsel*
- *aardverwarming* (definisie, oorsake, invloed (impak) gebaseer op die gegewe inligting en strategieë (maniere/wyses) om dit aan te spreek.)

Vraag 5

Die meeste kandidate het ‘n goeie begrip van die konsepte *diverse kulture en kulturele ondervinding* getoon. Hulle swak prestasie in die vraag kan egter aan swak leesvermoë toegeskryf word.

Vraag 6

- Die meeste sentrums het groot probleme met 6.1.1 – 6.1.3 en 6.5 ondervind.
- Die meeste kandidate het slegs ‘n finale antwoord gegee wat meegebring het dat hulle ten minste 50% van die punt verloor het. Hulle moet in staat wees om ‘n duidelike aanduiding van die vlakke van die verskillende veranderlikes betrokke in die berekening te gee. Volpunte word behaal wanneer hulle aandui hoe die korrekte antwoord verkry is. Daar word aanbeveel dat onderwysers kandidate voorsien van die verskillende valutakodes en ook *tydsones* verduidelik deur van die *tydsone-kaarte* gebruik te maak. Help kandidate om beide die *tyd van aankoms* en die *tyd van vertrek* te bereken (*bereken ‘terug’*).
- Kandidate kon nie die belangrikheid van *reisversekering* verduidelik nie.

- Die meeste kandidate het geen begrip van hoe wêreldgebeure die toerisme-industrie beïnvloed nie.
- 6.4.1 en 6.4.2: Kandidate het geen begrip van die *Toerisme Indaba* en hoe dit die toerisme-bedryf *(*beide positief en negatief*)* beïnvloed nie.

Vraag 7

- 7.1: Verwys na algemene kommentaar (6.7 (i)).
- 7.2: Swak beantwoord. Kandidate se antwoorde het die vraag woordeliks herhaal.
- 7.5.2: Kandidate was nie in staat om die definisie soos in die vraestel gegee, te interpreteer nie en hulle antwoorde was gevolglik onvolledig en selfs niksseggend.

Vraag 8

- 8.1: Goed beantwoord, alhoewel kandidate nie die prosesse betrokke by hierdie tipe tegnologie kon gee nie.
- 8.2: Kandidate verwar maniere om *konflik te hanteer* met *bestuursrolle.*